# WET OP SEEVISSERY 12 VAN 1988

LET WEL: Hierdie Wet, behalwe artikel 1 vir sover dit op artikels 29, 38, 47, 48 en 50 (1), (2) en (3) van toepassing is, artikel 29, artikel 38 vir sover dit op skulpe van toepassing is, artikel 47 vir sover dit op artikels 29 en 38 van toepassing is en artikels 48 en 50 (1), (2) en (3) vir sover dit op skulpe van toepassing is, is herroep deur artikel 84 (1) van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998. Artikels 1, 29, 38, 47, 48 en 50 (1), (2) en (3) word hieronder weergegee.

[GOEDGEKEUR OP 14 MAART 1988] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 JULIE 1990]
(Behalwe aa. 7-14 en 27-29:
1 September 1989)

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)

soos gewysig by

Wysigingswet op Seevissery 98 van 1990
Wysigingswet op Seevissery 57 van 1992
Derde Algemene Regswysigingswet 129 van 1993
Wet op Maritieme Sones 15 van 1994
Wysigingswet op Seevissery 74 van 1995
Algemene Regswysigingswet 49 van 1996
Wet op Afskaffing van Beperkings van Howe se Jurisdiksie 88 van 1996

WET

Om voorsiening te maak vir die bewaring van die mariene-ekosisteem en die ordelike ontginning, benutting en beskerming van sekere mariene-hulpbronne; om te dien einde voorsiening te maak vir die uitoefening van beheer oor seevissery; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

[Lang titel vervang by a. 21 van Wet 57 van 1992.]

[w12j1988a1]1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"advieskomitee" die Seevissery-advieskomitee ingestel ingevolge artikel 7;

"beampte" 'n beampte soos omskryf in artikel 1 (1) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984);

"departement" die Departement van Omgewingsake;

"direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Omgewingsake;

"fabriek" enige perseel, voertuig of vaartuig waarop of waarin vis of visprodukte vir handelsdoeleindes gesout, gedroog, gerook, verpak, verkoel, bevries,

ingemaak of op 'n ander wyse bewerk word, of vis vir handelsdoeleindes lewend gehou word, uitgesonderd 'n viswinkel, supermark, hotel, losieshuis, restaurant, verversings- of teekamer of eetplek, of 'n vissersboot waarin of waarop vis wat vanaf die vissersboot gevang word, vir die bewaring daarvan slegs ontderm, gesout of verkoel word;

"fonds" die Seevisseryfonds bedoel in artikel 27;

"gesagvoerder", met betrekking tot 'n vissersboot of vaartuig-

(a) die persoon wat gesag voer of beheer het oor die vissersboot of vaartuig; of

(b) die persoon wat beheer het oor die visvangs vanaf die vissersboot of vaartuig;

[Omskrywing van "gesagvoerder" vervang by a. 1 (a) van Wet 57 van 1992.]

"getyrivier" daardie gedeelte van 'n rivier waarin 'n styging en daling van die watervlak as gevolg van die seegetye plaasvind;

"getystrandmeer" 'n strandmeer waarin 'n styging en daling van die watervlak as gevolg van die seegetye plaasvind;

"hierdie Wet" ook 'n regulasie of kennisgewing kragtens hierdie Wet uitgevaardig of uitgereik;

"hoogwatermerk" die hoogste lyn wat die water van die see gedurende gewone storms wat in die stormagtigste tydperk van die jaar plaasvind, uitgesonderd 'n buitengewone of abnormale vloed, bereik;

"jaar" enige tydperk van 12 opeenvolgende maande;

"kwota" die maksimum massa of hoeveelheid vis van 'n bepaalde spesie wat aan 'n persoon toegeken word wat hy gedurende 'n bepaalde tydperk kan vang, of ontvang of op 'n ander wyse verkry, en op gesag van 'n permit kan benut;

[Omskrywing van "kwota" vervang by a. 1 (b) van Wet 57 van 1992.]

"kwotahouer" die persoon aan wie 'n kwota ingevolge artikel 18 toegeken is;

"laagwatermerk" die laagste lyn tot waar die water van die see gedurende tydperke van gewone springgetye sak;

"lisensie" 'n lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik;

[Omskrywing van "lisensie" vervang by a. 1 (c) van Wet 57 van 1992.]

"Minister" die Minister van Omgewingsake;

[Omskrywing van "Minister" vervang by a. 1 (d) van Wet 57 van 1992.]

"ontginner" 'n persoon aan wie 'n ontginningsreg ingevolge artikel 25 verleen is;

"ontginningsreg" 'n reg om op gesag van 'n permit lewende mariene-hulpbronne of waterplante vir kommersiële doeleindes te benut;

[Omskrywing van "ontginningsreg" vervang by a. 1 (e) van Wet 57 van 1992.]

"permit" 'n permit ingevolge hierdie Wet uitgereik;

[Omskrywing van "permit" vervang by a. 1 (f) van Wet 57 van 1992.]

"plaaslike owerheid" 'n instelling of liggaam bedoel in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961), die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust ingestel by artikel 4 van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), en die Natalse Parkeraad ingestel kragtens die Natuurbewaringsordonnansie, 1974 (Ordonnansie 15 van 1974), van Natal;

[Omskrywing van "plaaslike owerheid" vervang by a. 1 (a) van Wet 98 van 1990.]

"polisiebeampte" 'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958);

"raad" die Kwotaraad ingestel by artikel 15;

"regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig en ook 'n kennisgewing kragtens hierdie Wet uitgereik;

[Omskrywing van "regulasie" vervang by a. 1 (b) van Wet 98 van 1990.]

"Republiek" .....

[Omskrywing van "Republiek" gewysig by a. 1 van Wet 49 van 1996 en geskrap by a. 1 (a) van Wet 74 van 1995.]

"see" die water en die bedding van die see binne die visserysone, met inbegrip van die strand en die water en die bedding van 'n getyrivier, getystrandmeer en hawe en ook die binnewaters soos bedoel in artikel 3 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet 15 van 1994): Met dien verstande dat in die geval van riviere en strandmere, binnewaters slegs getyriviere en getystrandmere insluit;

[Omskrywing van "see" vervang by a. 1 (g) van Wet 57 van 1992 en by a. 1 (b) van Wet 74 van 1995.]

"seemyl" die internasionale seemyl van 1 852 meter;

"skulp" die skulp of 'n gedeelte van die skulp van 'n seedier wat in die see of op die strand aangetref word;

"strand" die water en die land tussen die laagwatermerk en die hoogwatermerk;

"territoriale waters" die vanaf die territoriale waters soos bedoel in artikel 4 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet 15 van 1994);

[Omskrywing van "territoriale waters" vervang by a. 1 (c) van Wet 74 van 1995.]

"vaartuig" enige tipe vaartuig wat oor water kan vaar, hetsy selfaangedrewe of nie;

"vang" op enige wyse uit die see of die strand haal, van die strand verwyder, in 'n net besit, hetsy die net in die water is of nie, in, op of aan 'n vaartuig besit of aan land bring;

"vis" elke spesie gewerwelde of ongewerwelde seedier, met inbegrip van die kuit of larwes van so 'n seedier, uitgesonderd 'n rob of seevoël;

"visbedryf" die totale bedryf betrokke by die vang, teel of verkryging op enige wyse van vis, die verwerking daarvan, en die beskikbaarstelling of lewering vir handelsdoeleindes van sodanige vis of visprodukte, uitgesonderd 'n viswinkel, supermark, hotel, losieshuis, restaurant, verversings- of teekamer of eetplek;

"visproduk" enige produk, hetsy in 'n verwerkte vorm of nie, wat geheel of gedeeltelik uit vis verkry is;

"visser" 'n persoon wat op 'n heeltydse of 'n deeltydse grondslag vis, hetsy dit in die see of in of op die strand voorkom, vang of probeer vang met die doel om sodanige vis te verkoop of te probeer verkoop of op 'n ander wyse teen vergoeding van die hand te sit of te probeer sit, met inbegrip van 'n persoon wat daarmee behulpsaam is;

"vissersboot" enige vaartuig wat deur 'n visser gebruik word vir die vang van vis of wat gebruik word vir die vervoer of verwerking van vis wat deur 'n visser gevang is;

[Omskrywing van "vissersboot" vervang by a. 1 (h) van Wet 57 van 1992.]

"vissershawe" 'n verklaarde vissershawe bedoel in artikel 26 (1);

"visserybeheerbeampte" 'n bekleër van 'n pos of rang bedoel in artikel 5;

"visserysone" die territoriale waters van die Republiek en die eksklusiewe ekonomiese sone soos bedoel in onderskeidelik artikels 4 en 7 van die Wet op Maritieme Sones, 1994;

[Omskrywing van "visserysone" vervang by a. 15 (1) van Wet 15 van 1994.]

"voertuig" enige vervoermiddel waarin, waarop of waarmee goedere vervoer kan word;

"voorgeskryf" of "voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf;

"waterplant" enige soort plant, alg of ander plantaardige organisme wat in die see of in of op die strand voorkom; en

"werktuig" enige net of ander toestel of middel wat vir of in verband met die vang van vis gebruik word.

[A. 1 herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op artikels 29, 38, 47, 48 en 50 (1), (2) en (3) van toepassing is.]

[w12j1988a29]29 Heffing op vis en visprodukte en sekere ander mariene-hulpbronne

(1) Die Minister kan, na oorleg met die advieskomitee en met die instemming van die Minister van Finansies, by kennisgewing in die Staatskoerant, ten opsigte van alle vis of vis van 'n spesie in die kennisgewing vermeld wat deur vissers aan land gebring word, en 'n produk daarvan, en waterplante en skulpe wat versamel en vanaf die strand of uit die see verwyder word, 'n heffing oplê.

(2) So 'n kennisgewing-

(a) moet die bedrag van die heffing en die tye waarop en die plekke waar die heffing betaalbaar is, bevat, en kan sodanige ander voorskrifte deur die Minister bevat (met inbegrip van die wyse waarop die massa van vis of visprodukte vir die doeleindes van die berekening van die heffing bepaal moet word) wat hy vir die invordering van die heffing en die inbetaling daarvan in die fonds nodig ag;

[Par. (a) vervang by a. 10 (a) van Wet 57 van 1992.]

(b) kan verskillende heffings oplê ten opsigte van verskillende spesies vis, verskillende visprodukte, waterplante of skulpe, of verskillende ontginners of deelnemers in die betrokke bedryf, of verskillende gebiede;

(c) kan 'n vrystelling van betaling van die heffing bevat ten opsigte van vis, visprodukte, waterplante en skulpe wat by 'n plek of in 'n gebied in die kennisgewing vermeld aan land gebring word, indien die opbrengs van die heffing na die oordeel van die Minister nie die koste van invordering van so 'n heffing regverdig nie;

(d) kan voorskryf dat rente teen die koers wat in die kennisgewing bepaal word, betaalbaar is op enige heffing wat ontvang word na die datum waarop sodanige heffing betaalbaar was;

(e) kan vir 'n oortreding van, of versuim om te voldoen aan, die bepalings van die kennisgewing strawwe voorskryf wat nie dié strawwe by artikel 47 voorgeskryf, te bowe gaan nie;

(f) kan te eniger tyd deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant gewysig of ingetrek word.

[Par. (f) bygevoeg by a. 10 (c) van Wet 57 van 1992.]

(3) Die direkteur-generaal kan die bedrag ten opsigte van 'n heffing en enige rente wat ingevolge 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) verskuldig, en betaalbaar is, by aksie in 'n bevoegde hof verhaal.

(4) Die direkteur-generaal kan by kennisgewing gestuur per aangetekende pos-

(a) enige persoon wat vir die betaling van 'n heffing aanspreeklik is, gelas om die besonderhede in die kennisgewing vermeld binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld aan die direkteur-generaal te verstrek; en

(b) vereis dat enige persoon wat vir die betaling van 'n heffing aanspreeklik is, opgawes aan die direkteur-generaal moet verstrek, en die vorm waarin en die tye wanneer die opgawes verstrek moet word, die besonderhede wat die opgawes moet bevat en die state wat die opgawes moet vergesel, voorskryf.

[w12j1988a38]38 Beheer oor versameling en verwydering van waterplante en skulpe

(1) Ondanks die bepalings van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), en behoudens die bepalings van enige regulasie kragtens artikel 45 uitgevaardig, mag niemand, tensy hy die houer is van 'n permit deur die Minister uitgereik en anders as ooreenkomstig die voorwaardes in die permit vermeld, waterplante of skulpe uit die see of van die strand versamel en verwyder of laat versamel en verwyder nie, behalwe vir eie gebruik en in die voorgeskrewe hoeveelhede.

(2) Die Minister kan, onderworpe aan die voorwaardes en teen betaling van die gelde deur hom met die instemming van die Minister van Finansies bepaal, op aansoek van enige persoon 'n permit uitreik vir die versameling en verwydering van waterplante of skulpe uit die see of van die strand: Met dien verstande dat-

(a) voordat hy 'n permit uitreik ten opsigte van 'n gebied wat geleë is binne of grens aan die regsgebied van 'n plaaslike owerheid, hy daardie plaaslike owerheid moet raadpleeg;

(b) indien hy van oordeel is dat die uitreiking van so 'n permit inbreuk sal maak op die algemene publiek se genot van die see of die strand of op die regte van 'n belanghebbende in die betrokke gebied, hy die aansoeker moet gelas om-

(i) skriftelik aan so 'n belanghebbende kennis van sy aansoek te gee; en

(ii) aan die publiek van sy aansoek kennis te gee in 'n Afrikaanse en Engelse nuusblad wat in omloop is in die betrokke gebied,

waarin hulle versoek word om enige besware teen sy aansoek binne 'n vermelde tydperk van minstens 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing skriftelik aan die direkteur-generaal vir die Minister se beslissing voor te lê.

(3) 'n Permit, konsessie of ooreenkoms met betrekking tot die versameling of verwydering van waterplante of skulpe uit die see of van die strand of 'n delegering van 'n bevoegdheid aan 'n plaaslike owerheid in verband daarmee kragtens die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), die Wet op Seevisserye, 1940, (Wet 10 van 1940), of die Wet op Seevisserye, 1973 (Wet 58 van 1973), wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog van krag was, word geag onderskeidelik 'n permit of delegering te wees wat ingevolge hierdie Wet uitgereik of gedoen is.

[A. 38 herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op skulpe van toepassing is.]

[w12j1988a47]47 Misdrywe en strawwe

(1) Enige persoon wat-

(a) vis vang of doodmaak deur middel van gif of 'n bedwelmende stof;

(b) vis vang of doodmaak deur 'n stof in die see te laat ontplof, behalwe op gesag van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik en ooreenkomstig die voorwaardes van so 'n permit;

[Par. (b) vervang by a. 67 van Wet 129 van 1993.]

(c) vis vang deur middel van 'n ander werktuig as 'n werktuig wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is;

(d) vis vang volgens 'n ander metode as 'n metode wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is;

(e) vis wat kleiner is as die grootte wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is, of wat nie voldoen nie aan die ander biologiese vereistes of kenmerke wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is, vang of besit;

(f) vis of enige gedeelte daarvan waarvan die vangs deur hierdie Wet verbied is, besit, verkoop, vir verkoop uitstal of te koop aanbied;

(g) die bepalings van artikel 30 (1) of (6) of 38 (1) of van 'n regulasie kragtens artikel 37 (1) uitgevaardig, oortree of versuim om aan 'n lasgewing in artikel 21 (3) (a), 37 (2) of 42 bedoel, te voldoen;

[Par. (g) vervang by a. 10 (a) van Wet 98 van 1990 en by a. 18 (a) van Wet 57 van 1992.]

(h) sonder dat hy die houer is van 'n permit soos in hierdie Wet bepaal, 'n handeling verrig waarvoor 'n permit vereis word, of 'n voorwaarde waarop die permit uitgereik is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(i) eetbare, bruikbare of bemarkbare dooie vis, hetsy heel of in verwerkte vorm, in die see terugplaas of toelaat dat dit in die see teruggeplaas word, of dit op 'n ander plek weggooi, en sodoende veroorsaak dat die vis verlore gaan of 'n besoedelingsgevaar skep;

[Par. (i) vervang by a. 18 (b) van Wet 57 van 1992.]

(j) lewende vis uit- of invoer, behalwe ingevolge 'n permit wat deur die Minister of sy gedelegeerde vir sodanige uit- of invoer uitgereik is, of anders as ooreenkomstig die voorwaardes waarop die permit uitgereik is;

(k) iets wat skadelik is of skadelik mag wees vir vis, visvoedsel of waterplante of wat die ekologiese balans in enige gebied van die see mag versteur of verander of wat die bemarkbaarheid van vis of waterplante nadelig mag beïnvloed of wat die vang van vis mag belemmer, in die see stort of inlaat of toelaat dat dit in die see gestort of ingelaat word;

(l) versuim om aan 'n eis of bevel van 'n visserybeheerbeampte, polisiebeampte of ere-visserybeampte kragtens hierdie Wet te voldoen, of in antwoord op so 'n eis of bevel vals inligting verstrek;

(m) teen 'n visserybeheerbeampte, polisiebeampte of erevisserybeampte by die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n plig ingevolge hierdie Wet, weerstand bied of hom daarby belemmer;

(n) valslik voorgee dat hy 'n visserybeheerbeampte of erevisserybeampte is;

(o) 'n vissersboot of enige werktuig sonder die toestemming van die eienaar of gesagvoerder daarvan gebruik;

[Par. (o) vervang by a. 10 (b) van Wet 98 van 1990.]

(p) toelaat dat 'n vissersboot of enige werktuig waarvan hy die lisensiehouer is, gebruik word vir die vang van vis in stryd met die bepalings van hierdie Wet,

[Par. (p) vervang by a. 10 (b) van Wet 98 van 1990.]

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 10 (c) van Wet 98 van 1990.]

(2) (a) Indien 'n persoon skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, moet die hof op staande voet ondersoek instel aangaande die monetêre waarde van die voordeel wat hy as gevolg van daardie misdryf kon behaal het en die bedrag daarvan bepaal, en, benewens 'n ander straf wat ten opsigte van daardie misdryf opgelê word, 'n boete oplê gelyk aan drie maal die bepaalde bedrag en, by wanbetaling daarvan, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

[Par. (a) vervang by a. 10 (d) van Wet 98 van 1990.]

(b) 'n Landdroshof is bevoeg om 'n bykomende straf bedoel in paragraaf (a) op te lê, selfs al sou daardie straf, hetsy alleen of saam met 'n ander straf deur die hof opgelê, die strafbevoegdheid van 'n landdroshof oorskry.

[A. 47 herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op artikels 29 en 38 van toepassing is.]

[w12j1988a48]48 Verbeurdverklaring en beslaglegging
Sake

(1) Die hof wat 'n persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind, kan benewens 'n ander straf wat hy mag oplê-

(a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, vis, waterplante, skulpe of 'n werktuig ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is of wat in verband met die pleeg daarvan gebruik is, of die regte van die veroordeelde daarop, aan die Staat verbeurd verklaar; en

(b) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, 'n aldus gebruikte vissersboot, vaartuig of voertuig of die regte van die veroordeelde daarop, aan die Staat verbeurd verklaar, en 'n registrasie, lisensie of permit wat ingevolge hierdie Wet ten opsigte van die veroordeelde gedoen of aan hom uitgereik of verleen is, intrek of vir die tydperk wat die hof goedvind, opskort.

(2) (a) 'n Verbeurdverklaring ingevolge subartikel (1) doen nie afbreuk aan regte wat 'n ander persoon as die veroordeelde op daardie boot, vaartuig, voertuig of werktuig mag hê nie, indien bewys word dat hy alle redelike stappe gedoen het om die gebruik daarvan in verband met die misdryf te voorkom of nie die pleging van die misdryf kon verhoed het nie.

(b) Die bepalings van artikel 35 (4) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is mutatis mutandis ten opsigte van sodanige regte van toepassing.

(3) Vis, waterplante, skulpe, 'n vissersboot, vaartuig, voertuig of werktuig of 'n reg daarop wat kragtens die bepalings van hierdie artikel aan die Staat verbeur is, kan verkoop of vernietig word of die Minister kan gelas wat anders daarmee gedoen moet word.

(4) Die hof wat 'n persoon aan 'n misdryf ingevolge artikel 52 (4) skuldig bevind, moet, benewens enige ander straf wat hy mag oplê-

(a) in die geval van artikel 52 (4) (a), die vaartuig, werktuig, vis en visprodukte;

[Par. (a) vervang by a. 19 van Wet 57 van 1992.]

(b) in die geval van artikel 52 (4) (b), die werktuig, vis en visprodukte,

[Par. (b) vervang by a. 19 van Wet 57 van 1992.]

wat in verband met die pleeg van die misdryf gebruik is of ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is, na gelang van die geval, aan die Staat verbeurd verklaar, tensy die vis of visprodukte ingevolge artikel 53 (5) aan die Staat verbeur is, en 'n lisensie of permit wat ingevolge hierdie Wet aan hom uitgereik of verleen is, intrek of vir die tydperk wat die hof goedvind, opskort.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 11 van Wet 98 van 1990.]
[A. 48 herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op skulpe van toepassing is.]

[w12j1988a50]50 Jurisdiksie en bewyslewering

(1) Indien 'n persoon daarvan aangekla word dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet op of in die see gepleeg het, is 'n hof wie se regsgebied aan die see grens of 'n deel daarvan insluit in die omgewing waar die misdryf na bewering gepleeg is, bevoeg om die aanklag te verhoor, en word die misdryf vir alle doeleindes wat in verband staan met of voortspruit uit die verhoor van die aanklag, geag in die regsgebied van bedoelde hof gepleeg te wees.

[Sub-a. (1) herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op skulpe van toepassing is.]

(2) Indien 'n vissersboot, vaartuig of voertuig in verband met 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gebruik is, of indien vis, waterplante, skulpe of 'n werktuig ten opsigte waarvan of deur middel waarvan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg is, op of in 'n vissersboot, vaartuig of voertuig gevind word, of daar bewys word dat dit daarop of daarin was-

(a) word elkeen wat aan boord van so 'n vissersboot of vaartuig of in of op die voertuig was toe die misdryf gepleeg is, geag skuldig te wees aan daardie misdryf, tensy hy bewys lewer dat hy nie die misdryf gepleeg het nie, nie aan die pleging daarvan deelgeneem het nie en nie die pleging daarvan kon verhoed het nie; en

(b) word die misdryf geag gepleeg te gewees het ten opsigte van alle vis, waterplante, skulpe of werktuie wat op of in so 'n vissersboot, vaartuig of voertuig gevind is, of ten opsigte waarvan daar bewys word dat dit daarop of daarin was toe die misdryf gepleeg is, tensy die teendeel bewys word.

[Sub-a. (2) vervang by a. 12 van Wet 98 van 1990 en herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op skulpe van toepassing is.]

(3) By 'n vervolging weens 'n oortreding van hierdie Wet-

(a) gegrond op 'n handeling wat na bewering verrig is binne 'n bepaalde gebied, word die betrokke handeling geag binne daardie gebied verrig te wees;

(b) word die gegewens verkry deur middel van 'n instrument of kaart wat gebruik is om afstand of diepte te bepaal, geag juis te wees,

tensy die teendeel bewys word.

[Sub-a. (3) herroep by a. 84 (1) van Wet 18 van 1998, behalwe vir sover dit op skulpe van toepassing is.]